## TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Die kwaliteit van die granate wat aankom is baie wisselvallig. Baie goeie granate kom in die mark aan maar daar is ook gevalle waar daar heelwat probleme is. Die algemene kleur is beter vanjaar. Die grootste probleme is kneusings, en bederf wat daarmee saamgaan, insekskade en alternaria. Die alternaria is bietjie ongewoon, aangesien dit gewoonlik redelik effektief verwyder word. Die goeie kleur het waarskynlik iets daarmee te doen, aangesien kleur een van die eienskappe is waarmee alternaria onderskep word in die pakstoor. Bars was ook ‘n baie groot probleem maar dit is redelik effektief op die plaas en in die pakstoor uitgehaal.

Deel van die simptome wat op van die vrugte gesien word laat mens wonder oor die effek van die ongewone temperature wat in November/Desember en weer in Februarie ervaar is. Die plan is om eersdaags met ‘n kundige te vergader om meer oor die plantfisiologie tydens sulke weerspatrone te verstaan.

Ons was heeltyd redelik bekommerd oor die effek wat die gebeure in die Midde-Ooste op die mark gaan hê. Die logistieke kostes het drasties toegeneem, maar daaroor het ons al paar keer rapporteer. Die onseker een was wat in ander markte gaan gebeur, omdat meer vrugte waarskynlik na die markte gekanaliseer sal word. Alhoewel ons alreeds in die vorige verslag daaroor rapporteer het, raak die effek daarvan die laaste twee weke duideliker.

Europa, en tot ‘n mindere mate Engeland, het die laaste paar weke aansienlik meer vrugte ontvang. Peru het tot op hede 23% meer soontoe gestuur as laasjaar. Dit is dus meer as die 20% wat ons in die vorige verslag genoem het. Net as perspektief. Die 23% verteenwoordig 1 416 000 kartonne. Slegs die addisionele aantal kartonne wat Peru gestuur het is dus meer as die hele Suid-Afrikaanse Klas 1 oes. In totaal het Peru nou alreeds 7,54 miljoen kartonne na Engeland en die EU gestuur. Die oorgrote meerderheid daarvan is Klas 1. Saam met dit het Peru om een of ander rede ook baie kleiner vrugte vanjaar, of hulle het besluit om dit wel te begin verskeep. Telling 16 en telling 18 word algemeen gesien en dit plaas ook addisionele druk op die mark.

Granate ding tans mee met baie groot hoeveelhede aarbeie, bloubessies, spanspek, ens wat in die mark is. Die meeste van die produkte word op promosies verkoop. Die volume granate wat verkoop word is dus tans besonder laag.

Twee advertensies tans in die mark:

SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 21

19 Mei 2026

Selecteer jouw Lidl-winkel | Zoeken | Zoek

# Groenten & fruit



**Rode paprika**
chocolade of vanille - € 1,49 per promopack
~~2.95~~
-20%
2.35
/kg - 2,35 EUR/kg
Enkel in de winkel op 18/05 - 24/05



**Kersen**
voorverpakt
~~5.99~~
Met je Lidl Plus-app -33%
3.99
500 g - 7,98 EUR/kg
Plus
Enkel in de winkel op 18/05 - 24/05



**Watermeloen**
los
~~1.99~~
-35%
1.29
/kg - 1,29 EUR/kg
Enkel in de winkel op 18/05 - 24/05



**Granaatappel**
los
~~1.99~~
-50%
0.99
per stuk
Enkel in de winkel op 18/05 - 24/05




**Mini-Romana-Salatherzen**
0.69**
2er-Packung
EINKAUFSLISTE



**Avocado**
0.85**
Stück
EINKAUFSLISTE



**Bananen**
1.19**
kg-Preis
kg = 1.19
EINKAUFSLISTE



**Mangos**
2.49**
2er-Schale
EINKAUFSLISTE



**Himbeeren**
1.59**
125-g-Schale
kg = 12.72
EINKAUFSLISTE



**Physalis**
1.19**
100-g-Schale
kg = 11.90
EINKAUFSLISTE



**Granatapfel**
1.49**
Stück
EINKAUFSLISTE



**Spargel geschält**
4.99**
400-g-Schale
EINKAUFSLISTE

Ons mikpunt in gesprekke met kliënte was om Klas 1 gemiddeld teen ongeveer €12 in die mark te verkoop. Dit sou gemiddeld ongeveer R140 (DIP) uitbetaal, gegewe die hoër kostes wat ook vir Europa geld. Soos dinge nou ontwikkel lyk dit of die verkoopspryse meer rondom €10 gaan wees, wat 'n uitbetaling van R110 – R120 DIP is. Ons markte in die Midde-Ooste se verkoopspryse is bietjie beter, maar die effek van die verhoogde logistieke kostes sal eers duidelik word as verkoopstate afgehandel word. Ons hoop egter om in geheel beter as bogenoemde te doen.

Wat baie positief is, is dat die prys vir prosesseringsgranate relatief stabiel bly. Kwaliteit van aankomstes speel wel 'n rol en die effek van die logistieke kostes sal mettertyd duidelik raak. Ons het 'n baie goeie verspreiding vir die prosesseringsgranate gevolg. Heelwat het na werklike prosesseerders gegaan (wat dit gebruik vir arils) maar ons het nog steeds 'n goeie volume na die markte gestuur waar dit vir vars gebruik verkoop word. Laasgenoemde mark se verkoopspryse was uitsonderlik goed. Net die verhoogde logistieke kostes gaan die finale betalings bietjie knou in hierdie markte.

Hopelik het dinge nou stabiliseer en hou die pryse op die huidige vlakke.

Groete.

Sapex Span.